VLIEG MET GIF OF VERGIFNIS

Ps Cornelis van Heyningen

6 Augustus 2017

1. **VERTROUE IN GOD**

Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sewe maal na jou toe terugkom en sê: ‘Ek is jammer,’ moet jy hom vergewe.” (Lukas 17:4,5)

Die apostels sê toe vir die Here: “Gee ons meer geloof.” (Matt 18:21 70x7)

2. **VLOEI VAN VERGIFNIS**

“..en **VERGEEF** ons **ONS OORTREDINGE** soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”

“...Maar as **JULLE ANDER MENSE** nie **VERGEWE** nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie.”

(Matt 6:12,14,15) Pynigers (Matt 18:23-35)

3. **VERANDERING DEUR VERGIFNIS**

Hy het vir my gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het is jou oortredinge vergewe, **JOU SONDE** is **VERSOEN**.”

Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur?”
“ ...Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my!”
(Jes. 6:7+8)

“Hy het ons uit die **MAG** van die **DUISTERNIS WEGGERUK** en ons onder die **HEERSKAPPY GESTEL** van Sy Seun wat Hy liefhet.” (Kol 1:13)

4. **VADERSKAP A.G.V. VERGIFNIS**

Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, **DIE BESTE**, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan!

En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en **FEESVIER**! (Luk 15:22+23)

5. **VOORSPOED A.G.V. VERGIFNIS**

“...en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, **TOON BEROU** en bid en vra na my wil en **DRAAI TERUG VAN HULLE BOSE WEË AF**, sal Ek **LUISTER** uit die hemel en hulle **SONDE VERGEWE** en hulle land laat herstel” (2 Kron 7:14)

6. **VERBOND A.G.V. VERGIFNIS**

"Ek sal hulle my wette in die **HART GEE**, in hulle verstand sal Ek dit skrywe."

Dan sê Hy verder: "Aan **HULLE SONDES** en hulle oortredings **SAL EK NOOIT MEER DINK NIE**."

(Hebr. 10:16-18)

7. **VERHOUDING A.G.V. VERGIFNIS**

laat ons tot God nader met 'n **OPREGTE HART**...Ons **HARTE IS IMMERS GEREINIG** van 'n skuldige gewete...

"Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."

(Luk. 15:22+23)

In die lig lewe (1 Joh. 1:7)

8. **<u>VERGEWE A.G.V. VERGIFNIS</u>**

Ef. 4:32,

"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. **SOOS** die **HERE** julle **VERGEWE** het, moet julle **MEKAAR** ook **VERGEWE**." (Kol 3:13)

9. **VRYHEID IN VERGIFNIS -** Vryheid om lief te hê.

Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. (1 Pet. 4:8)

Die liefde is **GEDULDIG**, die liefde is **VRIENDELIK**; dit is **NIE AFGUNSTIG NIE**, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. (1 Kor. 13:4)

10. **VERVULLING DEUR VERGIFNIS**

"As hy Sy **LEWE** as skuldoffer **GEE**, sal hy 'n **NAGESLAG HÊ** en nog **LANK LEWE**, deur hom sal die wil van die Here sy **DOEL BEREIK**. (Jes. 53:10)

Om Sy Naam ontwil (1Joh 2:12)

11. **VOORBEELD VAN VERGIFNIS**

"...DEUR SÝ WONDE het daar vir ons **GENESING** gekom."

".... Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie." (Jes 53:5,7)

12. **VERKONDIG DIE VERGIFNIS**

"....en in sy Naam moet **BEKERING** en **VERGEWING** van **SONDES** aan al die nasies **VERKONDIG WORD"**

(Luk. 24:46+47)

"..die **VERGEWING VAN SONDES** deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes."

(Hand 13:38)